# Die ewolusie van die Afrikaanse lied

## *of, tot siens aan: ,kom-bly-by-my... moenie weggaan'-musiek*

**Ronelle Loots** **Foto's: Philip Littleton**

*Laurika Rauch bly steeds 'n uitsonderlike vertolker van ons nuwe Afrikaanse lied*

VIR baie jare al is daar liriekskrywers/komponiste wat 'n bewuste poging aanwend om die standaard van die Afrikaanse kontemporêre lied of te hef. Dit is 'n moeilike stryd wat hulle stry.

Vooropgestelde wanbegrippe moet oorkom word om die luisteraar te laat besef dat dit nie, in die woorde van Anton Goosen, net, kom-bly-by-my, moenie-weggaan'-musiek hóéf te wees nie; platemaatskappye loop nie graag finansiële risiko's nie. Kortom, mense moet geleer word om opnuut te luister na die inhoud van die Afrikaanse lied en dat dit nie noodwendig gesing word deur operasangers wat vinnig 'n ekstra geldjie wil verdien nie.

Sonja Herholdt was een van die eerste kunstenaresse wat daarin geslaag het om 'n brug te slaan tussen kommersialiteit en musiek met 'n stewiger liriekinhoud en bewys het dat daar tóg 'n mark daarvoor is. In dié geval was dit Goosen wat bewys het dat dit wel gedoen kan word met sy komposisies.

Toe kom Stephan Bouwer se TV-reeks Fyn Net van die Woord vroeg in 1978 en skielik is daar 'n nuwe bewussyn by mense oor die moontlikheid van Afrikaanse musiek, tot 'n groot mate te danke aan Laurika Rauch se deelname aan dié program. Merwede van der Merwe volg dit op met 'n reeks TV-programme getitel Musiek en Liriek (dit sal waarskynlik in Augustus gebeeldsaal word) en skielik is almal vol entoesiasme. Die nadraai van dit alles is 'n program wat nou deur vier baie talentvolle kunstenaars in die Laager by die Markteater aangebied word.

*MUSIEK & LIRIEK* heet hierdie genotvolle program wat deur Jannie du Toit, Clarabelle van Niekerk, Laurika Rauch en Anton Goosen uitgevoer word. Elkeen dra by tot 'n gebalanseerde eenheid wat 'n duidelike ewolusie toon van die musiek waarvan vroeër gepraat is.

Hoewel elkeen van die ander 'n onderskeidende kwaliteit het, is dit byna onmoontlik om nie 'n uitsondering te maak nie. Die uitsondering in hierdie geval is *Laurika Rauch* wat 'n mens reeds opgeval het met die destydse Fyn net van die Woord.

*Now is your voice a marble high and white,*
*Then like a mist in fields of paradise:*
*Now is a raging fire, then is like ice,*
*Then breaks and it is dawn.*

Dié woorde van Harold Monro sê byna alles. Oor

**Jannie du Toit**

Boerneef se woordpaljasse glip haar stem lig as sy sing van naaldekokers of Willem Dreunwa, kry dit 'n bitter kwaliteit as sy Hennie Aucamp se Die lewe is 'n grenshotel sing en raak dit fluweelsag as sy sing van die mense wat sy liefhet.

Die aangehaalde hier is almal werke wat getoonset is. Dit gaan hier juis om vernuwing en as 'n mens in gedagte hou dat goeie poësie nie noodwendig 'n goeie liedjie word nie, hoekom dan?

„Daar is baie goeie liriekskrywers, Anton Goosen is 'n voorbeeld van die beste. Maar daar is ook baie goeie poësie wat dit uitstekend leen tot toonsetting. En is dit nie beter dat almal dit hoor in stede van om in 'n boek toegebind te wees nie?"

Dit is nie net haar stem wat sy aanwend om die beste uit haar materiaal te haal nie. Met subtiele gesigspel beklemtoon Laurika die fyn nuanses van die liriekinhoud. Stellenbosch-dae se drama-opleiding het sekerlik iets daarmee te doen, maar dit kom ook van binne en sy dwing jou om na die woorde te luister.

„Op dramaskool is ek bekendgestel aan digters soos Breyten Breytenbach en ek het bewus geword van die skoonheid van my taal. So met die skoolhouery raak 'n mens verstrengel in die tegniese aspekte van die taal en baie van die ademloosheid het intussen verlore gegaan. Maar ek bly 'n kind van hierdie land en vir my taal is ek baie lief."

Musiek en liriek is 'n vertrekpunt — waarheen dan?

„Om my eie program te hê en eendag oor die BBC te sing!" Dit sê sy met 'n laggie waaragter daar meer steek.

„Afrikaans is sterk genoeg om op eie bene te staan en vir ander mense ook iets te beteken as jy dit met 'n suiwer hart doen."

● *MUSIEK & LIRIEK* word nog vanaand om 18h00 en 21h00 in die Laager aangebied.

*Laurika en Colin Drew wat haar begelei. Die kombinasie van dié twee is iets wat gehoor móét word.*

**Anton Goosen**